

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 111

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die koms van die Antichris

Die toneel word reggeskuif.

AS ernstig denkende mens moes u al nagedink, gepeins en gewonder het oor ons tyd, ons beskawing en ons toekoms. Ons lewe in 'n hoogsbeskaafde wêreld, en tog moes u al gewonder het waarom ons steeds meer hoor van:

1. **Stygende misdaadsyfers . . . wetteloosheid . . . jeugopstand . . . stakings . . . egskeidings . . . onsedelikheid.**
2. **Steeds meer haat . . . moord . . . wreedheid . . . selfsug . . . liefdeloosheid.**
3. **Afvalligheid van God af . . . dwaalleer . . . kerkloosheid . . . in die jongste tyd selfs duiwelaanbidding.**
4. **Die mag van die leuen . . . valse propaganda met sy groot rol en krag in die V.V.O., die Wêreldraad van kerke . . . die staatkunde . . . politiek.**
5. **Spotters met die godsdiens . . . met Christus . . . Bybelverwerping . . . ateïsme . . . verklarings van "God is dood . . ."**
6. **Oorloë en bloedvergieting . . . geweld . . . terrorisme . . . hongersnood . . .**

Maar

u sal nie langer wonder nie, as u punt vir punt hierdie verskynsels van ons tyd vergelyk met wat die Bybel sê oor die laaste dae:

1. **In die laaste dae sal daar swaar dae kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees . . . geldgieriges . . . ongehoorsaam aan hul ouers . . . onheilig . . . bandeloos . . . wreed . . . verraaiers . . . meer liefhebbers van genot as van God — II Tim. 3:1-4.**
2. **Baie sal mekaar verraai en haat . . . en omdat die ongeregtigheid vermeerder word, sal die liefde van die meeste verkoel — Matt. 24:10,11.**
3. **In die laaste tye sal sommige van die geloof afvallig word en verleidende geeste en leringe van duiwels aanhang — I Tim. 4: 1.**
4. **En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie — II Thess. 2: 11,12.**
5. **Aan die einde van die dae sal daar spotters kom wat volgens hul eie begeerlikhede wandel en sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? — II Petr. 3:3,4.**
6. **En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë . . . want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander. En daar sal hongersnode wees — Matth. 24:6,7.**

Hierdie dinge, volgens die Skrif tekens van die eindtyd, is tekens van ons tyd! Karaktertrekke van ons tyd, maar ook van die eindtyd. Besef ons hoe laat dit is vir hierdie wêreld?

Eers middernag

Laat ek dit maar reguit sê: Die wêreld en die mensheid soos ons dit ken, sal nie vir ewig voortbestaan nie. Dit gaan sy einde tegemoet. Niemand weet wanneer nie, en dit is dwaas om dit te probeer bereken. Die Skrif leer ons egter baie duidelik dat Christus weer sal kom op

God se bepaalde tyd, en dan sal ook die wêreld se laaste uur slaan. Maar voordat 'n nuwe dag kan aanbreek, moet dit eers nag word, middernag.

So moet dit ook op hierdie wêreld gaan voordat Christus die nuwe, volmaakte, ewigheidsdag laat aanbreek. Eers moet sy groot teenstander en vyand, die Antichris verskyn — hy wat hom sal stel teen God, en in die plek van God, hy wat in die Skrif beskryf word as die groot ongeregtige, die wettelose, die dier uit die see, en die handlanger van satan. Hy wat Christus en sy kerk en sy koninkryk sal probeer vernietig (Openb. 13 en 17 en II Thess. 2). Maar nou het hy 'n toestand van goddeloosheid, van wetteloosheid, van ordeloosheid en chaos nodig op aarde voordat hy kan verskyn ... en in ons tyd word hierdie toestand nou reeds vir hom geskep en voorberei. Die wêreldtoneel word vinnig reggeskuif vir sy verskyning om sy duiwelswerk te kan doen. As groot nagdier het hy 'n wêreldnag nodig om te voorskyn te kan kom; 'n nag van goddeloosheid en ordeloosheid, van gesagloosheid en wetteloosheid.

Sien jy dit ook?

Kan u sien hoe die nag besig is om op die mensdom toe te sak? II Thess 2 sê wanneer die Antichris sal verskyn — dit is wanneer die "teenhouer" verdwyn het, die iets of iemand wat hom nog terughou. In die verlede was daar nog baie middele en faktore wat God daargestel het om die verskyning van die Antichris teen te hou en die wetteloosheid en goddeloosheid in bedwang te hou, bv. die staatsgesag, die wet en orde, die ouerlike gesag, die kerk, gehoorsaamheid aan die Skrif, godsdiens en sede . . . Maar ons sien daaglik hoe hierdie dinge verval en afgetakel word. Die toue word losgemaak, die "weerhouer" is besig om te verdwyn. En wanneer hierdie vreeslike figuur van die eindtyd, die verpersoonliking van die duiwel op aarde verskyn, en alle mag hier oorneem, wee dan die mensdom in die middernaguur!

Wat moet ons doen?

Dis nie nodig om jou werk te bedank en in sak en as te gaan sit nie. Maar — is ons en ons kinders gewapen?

Daar is net een toevlug en veilige vesting wanneer die storms loei op die aarde en die magte van die hel losbars. God! Hy is die enigste. As jy kind van God is, kan jy die toekoms ingaan, ook wanneer die voetstappe van die Antichris begin dreun oor die aarde. Want hy het nie die finale oorwinning nie. Wanneer sy mag op sy hoogtepunt is, en dit lyk of hy selfs God en sy ryk gaan vernietig, dan sal Christus hom "deur die verskyning van sy wederkoms tot niet maak" (II Thess. 2:8).

Sien jy die skemerte aangroei oor die mensdom om die Antichris se koms voor te berei? Christus Jesus, die Gekruisigde, maar Oorwinnaar, is jou enigste toevlug en redding — vandag en in die toekoms. Is Hy dit reeds vir jou?

— **W. J. MARITZ.**

Die openbaring van die Antichris

Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie — deur gees of deur woorde of deur brief as synde deur ons geskrewe — asof die dag van Christus al daar is.

Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teenstander wat hom verhef bo elkeen wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is.

Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?

En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word.

Want die verborgenheid van die ongeregtheid is al aan die werk, net hy wat nou teëhou, moet uit die weg geruim word; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdolg en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van Satan met allerlei kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.

En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtheid.

2 Thessalonicense 2:1-12.

Die getal van die dier

Die duiwel is die groot na-aper van die werk van God.

As God sy geliefde Seun, Jesus Christus, na die aarde stuur om aan die kruishout van Golgota vir ons sondes te betaal en so vrede met God in die hart te bewerk stuur die duiwel die Antichris wat net die teenoorgestelde moet kom doen. Die Antichris is die dier uit die see, waarvan Openbaring 13:1-10 melding maak. Sy groot werk is om teen God te laster en om oorlog te maak teen die gelowiges.

Die getal van die Antichris is 666.

Baie mense het hierdie getal al probeer uitwerk en in die geskiedenis mense aangewys wat dan die Antichris sou wees.

Ons wil dit nie doen nie.

Al wat ons met stelligheid kan sê is dat die getal seshonderd-ses-en-sestig vir ons die geweldige mag van die Antichris aantoon. As ons daaraan dink dat die volmaakte getal van God 7 is en dat die Antichris drie sesse bereik, besef ons dadelik hoeveel krag hy sal openbaar.

En tog: nooit sal die Antichris die getal 7 bereik nie.

In sy felle openbaring van haat sal die Antichris altoos onder heerskappy van God staan! **Nog 'n dier.**

As God met Pinkster sy Heilige Gees uitstort om in Sy kerk te kom woon, in die harte van sy gelowiges, boots die duiwel ook God na deur die dier uit die aarde te stuur.

Volgens Openbaring 13: 11-18 kom die dier uit die aarde.

Die dier is dus sonder hemelse eienskappe, sondig, duiwels.

Sy twee horings getuig van mag — sy sagte voorkoms van 'n lam is moedswillig om die mensdom te verlei, sy spreke soos 'n draak toon sy verwantskap met die duiwel aan.

Wetenskap.

Hierdie dier uit die aarde is die anti-christelike wetenskap, die wêreldgees, die valse profeet wat in diens van die Antichris sal staan.

Ons lees dat sy verskyning gepaard gaan met wonders en kragtige dade. Hy doen groot tekens, laat selfs vuur uit die hemel neerdaal. Dit laat ons dadelik dink aan die wetenskap met die vuur van die

atoom- en waterstofbomme.....

Prediking

Ons lees telkens dat die dier gepraat het. Die woord "praat" is die prediking van die gees uit die afgrond. Net soos die Heilige Gees die ware geloof in die harte van die gelowiges werk, so wil die dier uit die afgrond die valse geloof in die antichris deur die leuen en valse godsdiens bewerk. Sy preekstoel sal die gesproke en geskrewe woord wees, die bioskoop, televisie

Boikot

Ons lees dat hy ook die handeling van die sakramente sal naboots. Soos wat die Doop 'n teken is dat die gelowige aan Christus behoort, sal die dier aan die volgelingen van die Antichris 'n merk op die regterhand en op hulle voorhoofde gee, sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het. Ja, die dier sal 'n meester wees in die boikotbeweging!

Groot gevolg

Ons lees dat die hele wêreld verwonderd agter die Antichris aangeloop het. Is jy wat hierdie artikel lees, ook een van hulle? Of bevind jy jou in die leer van Koning Jesus Christus?

God waarsku jou in alle erns NOU:

Soek die [HERE](#) terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is (Jes. 55.6).

As die Here jou toevlug in Jesus Christus is, hoef jy vir die Antichris en sy bose handlanger nie te vrees nie. Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil.

Maar as jy jou hart verhard, dan wag helse vuur.

C. J. MALAN.

MY KIND IS VERLORE

My seun sit in die tronk — my dogter is 'n dwelmslaaf — my kind het 'n boemelaar geword. Hoeveel ouers moes al sulke woorde sê en anderpad kyk, of hulle kop in skaamte laat sak? Hoeveel verdriet kan kinders 'n mens aandoen? En by al die verdriet nog die vernedering tussen die vriende.

Hoe jammer kry jy sulke ouers en so 'n kind in 'n onbarmhartige samelewing. Ek kan my goed voorstel dat alles moet voel soos 'n nare, onaangename droom, en dat hulle wens hierdie kind was maar weer die sagte ou babatjie van twintig, dertig jaar gelede. Hoeveel het hulle van hierdie kind verwag, en wat was die uiteinde . . . ? As hulle die tyd maar weer kon oorkry, sou hulle van beter weet in die opvoeding van hulle kind!

Baie oorsake

Daar kan seker baie oorsake wees waarom 'n kind die spoor byster raak. Kom ek en jy wat groen koring op die land het gesels oor 'n paar hiervan. Miskien kan ons baie leer uit ander se foute en verdriet.

Het ek nie gehoor iemand sê ons kinders is ons grootste belegging nie? En wie gaan nou sommer sy grootste belegging in die strate rondgooi?

- **Tog doen baie ouers dit met hulle kinders. Van die skool af in die strate. Wat moet jy verwag? En as hy dan vanaand by die huis kom, wat kry hy daar?**
- **Is u en ek miskien van die ouers wat bedags so hard werk dat ons saans nie tyd het vir ons kinders nie, dat ons liever met rus gelaat wil wees in plaas van om te luister na dit wat die outjie graag wil vertel? Is sy probleempies (wat vir hom baie groot is!) vir ons te onbenullig om aan te hoor?**

As hy by ons 'n geslote oor vind vir sy klein probleempies, hoe gaan hy eendag vrymoedigheid hê om met groot probleme na sy ouers te kom? Ook daarmee, moet ons verwag dat hy na sy straatvriende sal gaan, wat hom verder van die wal in die sloot gaan help.

Die ander uiterste

Miskien is u een van die ouers wat oorswaai na die ander uiterste, wat sweer by die sogenaamde "sielkundige opvoeding" van u kind. Hy kry gedurig al die aandag, en wat hy maar wil hê, kry hy — en moet hom tog nooit teëgaan nie, want dan ontwikkel hy allerlei komplekse wat hom sielkundig kan ontwig. Vermy ten alle koste lyfstraf, want dit is vernederend en middeleus en barbaars . . . en kweek dan so jou bedorwe brokkie wat later gaan weier om te buig vir gesag. As jy alleen met hom moes saamlewe, was dit goed en wel, maar ek is bevrees die samelewing, die wet en die polisie gaan nie eendag dieselfde geduld as jy met die kind hê wanneer hy 'n weerbarstige en brutale gesagverwerper geword het nie!

'n Misplaaste liefde?

Watter wrange vrugte bring die verwaarlosing van die tug nie mee nie! Dink maar aan Eli, wie se huis in skande ondergegaan het, "want", sê God "toe sy seuns skande oor hulleself gebring het, het hy hulle nie streng bestraf nie" (I Sam. 3:13). 'n Mens wonder hoeveel sagmoedige Eli's is vandag die oorsaak vir die ondergang van hulle kinders. Liefde vir jou kind is so uiters noodsaaklik — maar dan nie 'n misplaaste liefde, wat geen liefde meer is nie!

Wat u gerus kan onthou

Is u vandag een van die ouers wat hand in die hare sit met u kind? U het u bes gedoen, maar u tienerjarige wil eenvoudig nie luister nie? Onthou dan:

- U kind het sy eie persoonlikheid en smaak. Moenie van hom verwag om in alles soos u te dink nie.
- Stel die regte voorbeeld. Hoeveel u ook vermaan, sy lewe sal nie beter wees as die voorbeeld wat hy van u kry nie.
- Moenie van hom 'n oumens wil maak voor sy tyd nie. Help hom liewer om sy jeugdige energie te stuur in nuttige en gesonde bane.
- Gun hom sy noodsaaklike ontspanning en plesier, solank dit nie bots met God se Woord nie. Hy is maar eenmaal jonk, en dit so kort.
- Bewaar steeds die kontak met hom en wen sy vertrouwe, ook al stem u nie saam met al sy doen en late nie.
- Moenie vitterig wees en alles kritiseer nie. Breek liewer mure af.
- Bid vir u kind. Per slot van sake is dit God wat bewaar. Maar hoe groot is u voorreg dat God u wil gebruik as instrument om vir Hom 'n erfgenaam te berei tot die ewige lewe!

W. J. Maritz.

Antichris, sy groot leuen, en Onherstelbare skade!

Onherstelbare skade

Gisteraand het ek 'n vreeslike skade gehad

Met my Volkswagentjie was ek van die werk op pad huis toe.

Onverwags — die masjien het nog lustig gebrom — was daar net 'n oorverdowende lawaai. Dit het geklink na brekende staal. 'n Paar meter verder het my ryding gaan staan.

Digte rookwolke het by die enjinkap uitgeborrel. Orals het daar olie afgedrup en die rooi en groen waarskuwingsliggies op die paneelbord het helder gebrand.

Die volgende dag het ek uitgevind: die masjien was onherstelbaar beskadig. Dit sou my meer as R600 kos vir 'n nuwe een!

Om 'n motorenjin te moet vervang, is 'n geweldige skade. Maar dis 'n verlies wat 'n mens kan herstel — ook al moet jy maandelank daaraan betaal.

Maar het jy al in die Bybel geles dat 'n mens 'n oneindig groter skade kan ly — 'n verlies wat jy tot in ewigheid nie kan herstel nie?

Dis die verlies van jou lewe! Dis wanneer jy skade ly aan jou siel! (Mt. 16:26; Mark. 8:36). Dis wanneer jy Hom wat eenmaal as Verlosser na die wêreld gekom het, maar in Wie jy nie geglo het nie, sal ontmoet en Hy jou sal toevoeg: "Gaan weg van My julle vervloektes . . . (Matt. 25:41).

Waarskuwingstekens verontagsaam.

Die skade aan my Volkswagen kon voorkom gewees het As ek maar betyds op die waarskuwingstekens gelet het. Waar my kar in die nag gestaan het, was daar wekelank elke more 'n onmiskienbare oliekol. En nou is daar in my hart die knaende verwyt: Waarom het jy nie betyds werk gemaak van die saak nie?

Vriend, mag hierdie woorde nooit eendag van my en jou gesê word: "Hy het 'n onherstelbare skade oorgekom, 'n ewige verlies, want hy het nie op die waarskuwingstekens ag geslaan nie!"

Christus, die Regter van al wat lewe, is feitlik hier!

Die waarskuwingseine van sy koms

— het jy dit raakgesien?

Hulle is daar, net soos Jesus gesê het (Matt. 24:5-12). Die laaste tyd is hulle so ontsettend baie ... die oorloë, koues en warmes, en die gerugte daarvan. Ook die ander tekens is erger as ooit tevore

— rewolusie en opstand teen die bestaande orde, terrorisme en skakings en ontvoerings; en dan nog die pessiëktes en epidemies, die kanker, die Cholera en malaria. Daar's hongersnood, daar's aardbewings. En vandag nog word Christene vervolgt met die wreedste metodes. Intussen weet jy dalk ook van die redders en heilande wat die wêreld nog steeds oplewer.

Ernstigste gevaarteken.

Sien jy egter die ernstigste van alle waarskuwingstekens — die Antichris aan die werk?

Hy het vandag die plek van Christus op die aarde beset! En as God hom vandag in al sy krag loslaat, kan hy jou betower dat jy vir ewig sy slagoffer word!

Die hoop op 'n nuwe lewe en 'n nuwe wêreld, wat Christus ons beloof het, dit bied hy jou aan. Alles wat jou hart begeer, sal hy in jou skoot lê. Onderskat hom nooit nie! Want hy is aan die werk met sataniese krag.

Hy stoot jou nie af nie. Nee, hy boei jou en trek jou net aan! Want hy kom die lewe en die mensdom nie vernietig nie, maar hy bou dit asemrowend mooi op.

En hy gebruik daarvoor elke tegniese en mediese en wetenskaplike prestasie. Die bekoring en verleidelikheid van wat hy bied, sal geen mens kan weerstaan nie! Hy kom met tekens en wonders en kragtige daade (2 Tess. 2:9).

Hy is die wettelose, hy laat hom deur niemand en niks bind nie! Hy, die teëstander van Christus kan die mense verruk met 'n wonderlike en laggende lewe; dat ons sal sê: hier is die ware geluk; hier is die verlore paradys!

Antichris — die Leuenaar

Pasop, laat dié lewensbloeï vir jou die ernstigste waarskuwing wees!

Die Antichris is die groot leuenaar! En dit waarmee hy die mensdom verlei, is die afskuwelikste bedrog! Ai sy tekens en wonders en kragtige daade staan in diens van die leuen!

Die lewenswonders wat hy optower, is bedoel om jou na die verderf mee te sleur. Die aardse heilstaat van vreugde en vrede is nie 'n skadu van die Godgegewe paradys nie. En elkeen wat hom daardeur laat bedwelm, word op die kritiekste tyd in ons lewe aan die slaap gesus, dié tyd waarin jy nog ter nouernood kans het vir 'n keuse. En die keuse is: Christus en 'n ewige wins, of die Antichris en 'n onherstelbare skade!

N. Droomer.

BEDROEF U DIE HEILIGE GEES?

In die Bybel lees ons van verskillende handeling wat teen die Heilige Gees moontlik is.

Dit is moontlik om die Heilige Gees te laster, waarvoor geen vergifnis moontlik is nie (vgl. Mattheus 12:22-23).

Dit is moontlik om die Heilige Gees uit te blus (1 Thessalonicense 5,19)

Dit is ook moontlik om die Heilige Gees te bedroef (Efesiërs 4,30).

Waarom kan die Heilige Gees bedroef word?

Die Heilige Gees kan bedroef word, omdat Hy nie maar net 'n krag van God is nie maar 'n Persoon — en 'n Persoon, weet u, kan bedroef word.

Maar verder is die Heilige Gees 'n Persoon wat liefhet — en waar liefde is kan droefheid wees.

Waarom is die weduwee so bedroef oor haar man? Waarom is die ouers so bedroef oor hul ongehoorsame kinders? Omdat hulle harte vol brandende liefde is.

Droefheid groei altyd op die akker van die liefde.

Daarom, omdat die Heilige Gees ons liefhet kan ons Hom bedroef.

En o, my vriend, watter liefde het die Heilige Gees nie vir ons nie! Met Pinkster het Hy in ons harte kom woon. Hy getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is (Rorn. 8:16). Hy troos ons soos 'n moeder in ons verlange na die Here. Hy tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge.

Hoe bedroef ons die Heilige Gees?

In Jes. 63 lees ons dat Israel wederstrewig was en die Heilige Gees bedroef het. Jesaja dink hier aan die opstandigheid en murmurering van die volk tydens die woestynreis en aan hulle ongehoorsaamheid in Kanaän.

'n Mens bedroef dus die Heilige Gees deur te murmureer en opstandig te wees teenoor die Here.

Maar ons bedroef die Gees ook wanneer ons sonde doen. Paulus praat in Efesiërs 4 van verharding, ongevoeligheid, hebsug, onreinheid, leuens, toorn, diefstal, vuil woorde. Ja, deur ons geringste sonde bedroef ons Gods Heilige Gees.

En veral bedroef ons die Heilige Gees as ons Sy liefde nie beantwoord met wederliefde nie!

Wat doen Gods Heilige Gees as ons hom bedroef?

As Hy met ons praat en ons wil nie luister nie, dan kom daar 'n oomblik dat die Gees swyg. Dan breek daardie verskriklike oomblikke in jou lewe aan dat jy Bybellees — maar die Bybel is vir jou 'n geslote Boek. Jy bid — maar ondervind geen gemeenskap met God in die gebed nie. Jy kom vol verlange kerk toe — maar gaan leeg terug.

As die Gees so swyg, is die sekerheid van die heil weg. Dan ondervind ons nie meer die vrede met God en die versoening van ons sondes deur Jesus Christus nie.

Maar dis nie al nie: Jesaja sê dat die Heilige Gees vir Israel in 'n vyand verander het, dat Hy teen hulle gestry het. (vgl. Jes. 63,10)

Ook hierin handel Gods Gees soos 'n aardse vader of moeder. As hulle sien dat praat niks help nie, tugtig hulle die kind. In die tugtiging brand nog die liefde, maar tegelyk ook die toorn omdat die kind nie wil luister nie.

So handel die Heilige Gees ook met ons. As sy swye ons nie tot inkeer bring nie, toon die Gees sy heilige weersin van ons sonde op smartlike wyse. Dan fluit die gesel van God oor ons rug — en God slaan ons met 'n magtige arm totdat ons sy Gees nie meer bedroef nie.

Wat doen ons om die Gees van God nie te bedroef nie?

Daar is net een uitweg: ons moet die Gees verbly.

Hoe verbly 'n mens die Gees van God?

Op dieselfde wyse as wat 'n opstandige seun of dogter hulle ouers verbly as hulle met waaragtige berou terugkom.

As ons soos die verlore seun met skuldbelydenis terugkom na die Here; as ons soos Dawid smeek: "skep vir my 'n rein hart, o God" — dan verbly ons die Heilige Gees — dan troos Hy ons verbryselde gemoed met die woorde: My seun, my dogter, jou sondes is vergewe

Maar dis nie al nie. Net soos die vader van die verlore seun verwag het dat sy seun berou moet bewys deur 'n nuwe lewe te lei, so kan ons die Gees alleenlik verbly deur 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid te lei. Ons moet die vrugte van die Gees openbaar; liefde blydschap, vrede, barmhartigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, selfbeheersing . . .

Wat doen Jy?

My vriend, Gods woord roep jou toe: Moenie die Heilige Gees van God bedroef nie.

Wie nie luister nie — wie die Gees hardnekkig bedroef — pasop: dit kan so maklik 'n lastering van die Heilige Gees word waarvoor geen vergifnis meer moontlik is nie.

Wie luister, word deur die Gees meer en meer voorberei as bruid vir Jesus Christus. As die gelowige straks aan die bruilofmaal van die Lam verskyn met rein en blink fynlinne . . . dan is dit die werk van die Heilige Gees wat in ons woon.

C. J. Malan.

Die oorwinning oor die Antichris

Toe het ek die hemel geopen gesien; en daar was 'n wit perde, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

En Sy oë was soos 'n vuurvlam, en op Sy hoof baie krone; en Hy het 'n Naam wat geskrywe is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.

En Hy was bekleed met 'n kleed wat in bloed gedoop was, en Sy Naam is:

Die Woord van God.

En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.

En uit Sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.

En Hy het op Sy kleed en op Sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

En ek het een engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle vir die maaltyd van die grote God, dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en van die wat daarop sit, en die vlees van almal — vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te maak teen Hom wat op die perde sit en teen Sy leër.

En die dier is gevange geneem, en saam met hom die valse profeet wat die tekens in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het wat die merk van die dier ontvang en sy beeld aanbid het. Lewendig is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.

En die ander is doodgemaak met die swaard wat uit die mond gaan van Hom wat op die perde sit; en al die voëls het hul sat geëet aan hulle vlees.

Openbaring 19:11-21.